

Woensdag 17 April

Skrifgedeelte: Johannes 13:1-20

Fokusgedeelte: Johannes 13:8

Genoeg-genade

Hierdie is seker een van die mees bekende gedeeltes in die Johannes-Evangelie. Ons ken die Jesus-gesindheid en die Petrus-gesindheid.

Die Jesus-gesindheid is duidelik: Jesus – ware God – ag dit nie as benede sy waarheid om die stink en stowwerige voete van sy dissipels te was nie.

Die Petrus-gesindheid is tweërlei: aanvanklik te skaam dat Jesus sy voete moet was, en dan die vraatsige soeke na die weldaad van Jesus.

Jesus leer sy dissipels 'n gesindheid aan: nie een is beter as die ander nie. Wie werklik in Jesus se voetspore wil loop, moet alles doen wat Hy bereid was om te doen.

Hierdie is egter die inleiding tot 'n groter daad wat Jesus in die volgende 24 uur sou doen: binne 24 uur sou sy stukkend-geslane liggaam naak aan die kruis hang. Om jou te dien. Meer as jou stink voete te was – om jou volle mens-wees rein te was, sodat jy sonder vlek of rimpel voor die troon van die Here kan staan.

Elke keer as jy jou Bybel oopmaak en lees, is daar drie duidelike boodskappe:

- Jy is vuil en stink van die sonde.
- Jesus se bloed werk soos bleikmiddel, dit neem elke vuil en stink weg en maak dit skitterwit.
- Jy moet reageer!

Pasop om nie soos Petrus te dink dat jy nie die genade nodig het nie. Pas verder op – as jy besef jy kan nie sonder sy genade nie – dat jy meer wil vat as wat jy nodig het nie.

Jesus se genade is genoeg. Nooit te min nie, nooit te veel nie.

Sing: Psalm 111-1:2

Dr. HF van Wyk (Hennie) (Bloemhof/Christiana)